ANDRÉ DU TOIT
*Namibië: heimwee na 'n vreemde land*
Pretoria: J.P. van der Walt en Seun
1991
151 pp.
R29,95 (eksklusief)
ISBN 0-7993-1709-8

Hierdie boek, in 'n hardeband, met talle interessante en tog nie juis besondere foto's nie, 'n kaart, register, beperkte bronnelys en 'n deeglike inhoudsopgawe bevat van die herinneringe, drome en nabetragtings van 'n swerwer, joernalis, soldaat, amptenaar - in een mens - oor Duits-Suidwes oftewel Suidwes-Afrika en tans Namibië. Hy skenk aandag aan vetes en oorloë, volkere en enkelinge, internasionale misleiding, persoonlike wanverhoudinge, kern-ideale deur individuele - of bende-leiers, deur politici, stamhoofde of etniese groepe nagestreef, verwerp of voor gely.

In elf opstelle onderskei die kaleidoskoop sigself. Daar word vorentoe en agtertoe gekyk, oorweeg, bevraagteken. Die styl is soepel, nostalgies, oorskouend, ligvoets. Die feite en historiese oorwegings soek mekaar se geselskap. Die oordrag van inligting is goed, beslae, kalm. Die skrywer is nie sinies, eufories, apologeties of onhebbelik nie. Hy ken sy bronne, mense, terrein en gebeurtenisse besonder goed. Plek-plek is die taalgebruik en oorsigtelikheid pragtig aanvullend; byna tafereelstrelend.

Die hoofstukke is wel min of meer chronologies gerangskik, maar onder die subhoofde raak die leser soms onseker omdat hy nie presies weet op watter plek hy is, wanneer dit was en na wie verwys word nie. Op pp. 81, 85, 88 word gewoon na die Odendaal-plan verwys sonder om dit ietwat toe te lig. Daar is geen datum of toeligting by die verwysing na die Vingerklip/Vinger van God/Mukarob nie. Die skrywer noem dit (p. 95) dat sy verhaal eintlik ook maar net snitte van gesprekke, vlugtige gesigsuitdrukkings, beelde is wat in die gedagtes verdraai word, en dis waar. Op p. 128 word na 20 April as datum van Namibië se onafhanklikheid verwys, terwyl dit 21 Maart 1990 moet wees. Die bronnelys bevat ook geen werke rondom die internasionale hofsaak van 1966 nie, of spesifieke publikasies deur O. Levinson, G. Pool, E.L.P. Stals, J.P. van S. Bruwer, H.M. van Rensburg en G.S. Preller nie; om dan maar enkeles te noem, en toegegee dat die betrokke publikasie op die algemene publiek as gewoon joernalistieke leesstof gerig is. Du Toit neem goed waar, hy ken sy tema, maar hy kom nie met antwoorde en verduidelikings of dra dit nie helder genoeg oor nie.

Dit is interessant dat die skrywer by herhaling ook na Suidwes-Afrika as die Transgariep verwys - pp. 7, 8, 58-65, 113, 125, 132; dit is die gebied oorkant die Groot- of dan Oranjerivier. Geografies is dit korrek, maar gewoonlik word daarmee die huidige Oranje-Vrystaat, Transvaal en selfs Natal bedoel. Dink maar aan G.B.A. Gerdener se boek: *Ons Kerk in die Transgariep: Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal* (1934). Dit is dus 'n verruiming van die begrip Transgariep om ook Namibië in te sluit soos dit hier beskou word.

Omdat skrywer Du Toit meer keer, en jare uitmekaar in Suidwes-Afrika was, onder verskillende omstandighede, 'n man met wye en vergelykbare ondervinding is, en iemand wat vry wyd gelees het,

is hierdie publikasie hoogs nuttige leesstof. Die Inleiding is goed en nodig (pp. 7-17). Die uitsprake van genl. Smuts in 1917 en 1946 gelewer, is besonders (pp. 13 en 17). Ons verneem dat die Verenigde Volke-Organisasie in 1968 reeds van Namibië begin praat het (p. 10), dat die V.S.A. druk op Suid-Afrika uitgeoefen het om Suidwes-Afrika te ontruim, dat daar aanvanklik 'n goeie vriendskap tussen Unita en Swapo bestaan het, dat China aan Unita wapens verskaf het, en van die skikplan van Desember 1988 (p. 34). Ons lees van die R.S.A. se ontruiming uit Angola in 1976 (p. 29), die V.S.A. wat in 1978 met 14 N.P. L.V.'s heul om hulle meer pragmaties in te stel (p. 31), die voorwaarde dat Unita op Swapo sy rug moet draai as hy van S.A. hulp wil hê.

Die leser word benoud as hy besef hoedanig internasionale politici besluite neem terwyl andere nog gemartel of aan moontlike krygsdood blootgestel word. Wapensmouse het oor alle tye 'n selfverrykende rol in Duits-Wes gespeel. Die wild en natuur is deur die afgelope twintig jaar se Bosoorlog ernstig vernietig; dorpies is verwoes. Om dienspligte jongelinge oor al die jare in hierdie verwronge stryd te gebruik, was desnoods nie die korrekte besluit nie. Daar was te veel op die spel, die internasionale skaakpatroon te ingewikkeld, die vyande te onkonvensioneel en meedoënloos. Trouens, die anderhalf eeu van Suidwes se geskiedenis is een van stryd, rebellie, onkunde, verset, stamtwis, rooftogte, verraad, veldslae, moorde, wreedheid, hulpeloosheid, bedrog, botsings en internasionale onverkwiklikhede.

Die skrywer kies nie kant vir of teen nie, maar nogtans lig hy ons in oor die voorkoms en agtergrond van joernaliste wat die wêreld van nuus oor S.W.A. moet voorsien. Hy wys op die illusies, onkunde, beperkte insig en 'n gebrek aan langtermyn begrip wat die publiek of leiers openbaar (pp. 86-89, 92-93, 110). Hy spreek waardering uit vir mense soos Dirk Mudge en Coen Steyn wat die werklikhede beter ontleed het as baie ander mense (pp. 86, 96-99). Hy dui aan dat baie geld deur die R.S.A. in S.W.A. verkeerd en tevergeefs belê is (p. 110). Du Toit is begaan oor Afrikaner-verdeeldheid tot aan die einde (p. 98); oor die toekoms van Afrikaans en van die Afrikaner ook in die R.S.A. (pp. 139-144).

Dit is waar dat hierdie potpourri boek nie vir diepgaande studiedoeleindes aangewend sal word nie, maar dis aangename, interessante, verrykende leesstof. Ons het behoefte aan veel meer sulke geskrifte wat eietyds gelewer is, en wat ons algemene publiek betyds meer kundig en betrokke kan maak sodat ons meer gebalanseerd, en nie slegs partypolities nie, ons totale samelewing en breë omstandighede kan beoordeel.

MARIUS SWART
*Universiteit van Port Elizabeth*